

## POLICY/BELEID

<b>Document name</b> <i>Dokument naam</i>	<b>Policy on Masters and Doctoral Studies</b> <i>Beleid vir Magister- en Doktorale Studie</i>
<b>Co-ordinating Exco member</b> <i>Koördinerende UBD-lid</i>	Vice-rector: Research <i>Viserektor: Navorsing</i>
<b>Status/Status</b>	Final version / <i>Finale weergawe</i>
<b>Approved by</b>	Higher Degrees Committee/ <i>Hoër Grade Kommittee</i>
<b>Goedgekeur deur</b>	Executive Committee of Senate/ <i>Uitvoerende Komitee van die Senaat</i>
<b>Date approved/</b> <i>Datum goedgekeur</i>	23 August 2016 / 23 Augustus 2016
<b>Date last amended/</b> <i>Laaste datum aangepas</i>	
<b>Date for next review/</b> <i>Datum vir volgende hersiening</i>	August 2021 / Augustus 2021
<b>Related policies/</b> <i>Verwante beleide</i>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• UFS Strategic Plan</li> </ul>
	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Policy on the Prevention of Plagiarism, and Dealing with Academic Writing Misconduct</li> </ul>
	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Policy on the Protection, Exploitation, and Commercialisation of Intellectual Property</li> </ul>
	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Guidelines for the Assessment of Dissertations and Theses</li> </ul>
	<ul style="list-style-type: none"> <li>• UFS Strategic Plan</li> </ul>
	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 2016 General Rules for First Qualifications, Postgraduate Diplomas, Bachelor Honours Degrees, Masters degrees, Doctoral Degrees, Higher Doctoral Degrees, Honorary Degrees and Convocation</li> </ul>
	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Policy on the Prevention of Plagiarism, and Dealing with Academic Writing Misconduct</li> </ul>
	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Policy on the Protection, Exploitation, and Commercialisation of Intellectual Property</li> </ul>
	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Guidelines for the Assessment of Dissertations and Theses</li> </ul>
	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 2016 General Rules for First Qualifications, Postgraduate Diplomas, Bachelor Honours Degrees, Masters degrees, Doctoral Degrees, Higher Doctoral Degrees, Honorary Degrees and Convocation</li> </ul>
	<ul style="list-style-type: none"> <li>• UFS Strategic Plan</li> </ul>

## 1. DEFINITION OF TERMS

### **Applying for admission**

The process by which a potential student indicates his/her interest in enrolling in a programme/qualification offered at the UFS. It entails the capturing of personal and other data of the applicant in the university's database.

### **Arbiter**

A third party appointed by the university in case of conflictive views with regards to the outcome of the examination of a thesis or dissertation.

### **Co-supervision**

A situation in which another supervisor is appointed together with the main supervisor to oversee the writing of a thesis or dissertation.

### **Dissertation/Mini-dissertation**

The supervised research component of all masters' degrees, whether those degrees comprise supervised research only, or a combination of coursework and research. The mini-dissertation usually comprises between 20 000 and 30 000 words or one publishable or published article, and the dissertation between 30 000 and 50 000 words or two publishable articles.

### **Doctoral Degree and Doctoral Degree (Professional)**

A doctoral degree is the highest formal academic qualification at a university and calls for advanced research in a specific field of study that makes an original and significant contribution to that particular field of study. A doctorate is offered at NQF-level 10 and consists of a minimum of 360 credits.

## 1. DEFINISIE VAN TERME

### **Aansoek om toelating**

Die proses waardeur 'n potensiele student sy/haar belangstelling aandui om vir 'n program/kwalifikasie wat deur die UV aangebied word, in te skryf. Dit behels die vaslegging van persoonlike en ander inligting omtrent die aansoeker in die universiteit se databasis.

### **Arbiter**

'n Derde party wat deur die universiteit aangestel word in geval van teenstrydige sienings oor die eksamenuitslag van 'n proefskrif of verhandeling.

### **Medestudieleiding**

'n Situatie waarin 'n ander studieleier saam met die hoofstudieleier aangestel word om oor die skryf van 'n proefskrif of verhandeling toesig te hou.

### **Verhandeling/Miniverhandeling**

Die gekontroleerde navorsingskomponent van alle meestersgrade, hetsy daardie grade slegs uit gekontroleerde navorsing bestaan, of 'n kombinasie is van kursuswerk en navorsing. Die miniverhandeling beslaan gewoonlik tussen 20 000 en 30 000 woorde of een publiseerbare of 'n gepubliseerde artikel, en die verhandeling beslaan tussen 30 000 en 50 000 woorde of twee publiseerbare artikels.

### **Doktorsgraad en Doktorsgraad (Professioneel)**

'n Doktorsgraad is die hoogste formele akademiese kwalifikasie aan 'n universiteit en benodig gevorderde navorsing in 'n spesifieke studieveld wat 'n oorspronklike en betekenisvolle bydrae tot daardie spesifieke vakgebied lewer. Die doktorsgraad word op NKR-uitreevlak 10 aangebied en bestaan uit 'n minimum van 360 krediete.

The same requirements pertain in respect of a Doctoral Degree (Professional), e.g. D.Ed, but with greater emphasis on researching ways to solve the professional problems that feature in the training and research reports of a specific field.

### **Doctoral Thesis**

A doctoral thesis is the sole research component of a doctorate. It must demonstrate that the candidate has made a specific contribution to the enhancement of knowledge in the chosen field, while providing evidence of independent critical ability. A doctoral thesis ought, either in part or in its entirety, to be published in a suitable journal or book. A doctoral thesis generally comprises between 70 000 and 100 000 words, or three publishable articles.

### **External assessor**

An academic or professional who is recognised for his/her expertise in a given field and who is appointed to examine the research work of a master's or doctoral candidate. An external assessor should not have any past or present affiliation with the University of the Free State. A person who has accepted an honorary appointment or an appointment as research associate, or a person who is actively involved in a research project and/or who was employed at the University and has since left the University's employ is considered as having an affiliation with the University. This may be reconsidered by the University after a period of 5 years.

### **Full-time student /Part-time student**

A student is considered to be a full-time student if she/he is registered for an annual full credit load as defined in the faculty rules in each year of study. Part-time students are registered for less than the annual full credit load.

Dieselfde vereistes geld vir 'n doktorsgraad (Professioneel), bv. D.Ed, maar met groter klem op navorsing met betrekking tot die maniere om professionele probleme wat in die opleiding en navorsingsverslae van 'n spesifieke vakgebied voorkom, op te los.

### **Doktorale Proefskrif**

'n Doktorale proefskrif is die enigste navorsingskomponent van 'n doktorsgraad. Dit moet bewys dat die kandidaat 'n bepaalde bydrae tot die vermeerdering van kennis in die gekose vakgebied gemaak het, terwyl dit bewys van onafhanklike kritiese vaardigheid verskaf. 'n Doktorale proefskrif behoort hetsy gedeeltelik of in sy geheel in 'n geskikte vaktydskrif of boek gepubliseer te word. 'n Doktorale proefskrif bestaan gewoonlik uit tussen 70 000 en 100 000 woorde, of uit drie publiseerbare artikels.

### **Eksterne assessor**

'n Akademikus of professionele persoon wat erkenning vir sy/haar kundigheid in 'n gegewe vakgebied geniet en wat aangestel word om die navorsingswerk van 'n meesters- of doktorale kandidaat te kontroleer. 'n Eksterne assessor moet nie enige vorige of huidige affiliasie met die Universiteit van die Vrystaat hê nie. 'n Persoon wat 'n ere-aanstelling of 'n aanstelling as navorsingsgenoot aanvaar het, of 'n persoon wat aktief betrokke is by 'n navorsingsprojek en/of in die universiteit se diens was en sedertdien die universiteit se diens verlaat het, word beskou as geaffilieer met die universiteit. Dit kan ná 'n tydperk van 5 jaar deur die universiteit heroorweeg word.

### **Voltydse student/Deeltydse student**

'n Student word as 'n voltydse student beskou indien sy/hy vir 'n jaarlikse volle kredietlading geregistreer is soos in die fakulteitsreëls vir elke studiejaar beskryf. Deeltydse studente is vir minder as die jaarlikse volle kredietlading geregistreer.

**Internal assessor**

A person in the employ of the University of the Free State who has not been involved in teaching or guiding the master's or doctoral candidate and is appointed to examine the dissertation (mini-dissertation) or thesis submitted by the student. The internal assessor cannot in any way be a relative, a research partner or business associate of the supervisor and/or co-supervisor.

**International student**

A person who is not a South African citizen and does not have a permanent residential permit.

**Master's Degree and Master's Degree (Professional)**

A master's degree is a postgraduate qualification offered at NQF level 9 and consists of 180 credits. A master's degree enables a student to be proficient in the principles of theory and research methodology while in the process of investigating a problem in a particular field of study, and in terms of which the student makes a modest contribution.

The same requirements pertain in respect of a professional master's degree (e.g. MBA), but there is an added emphasis on researching and solving the professional problems reflected in the training and research reports of a specific field.

**Master's degree by coursework**

A master's degree by coursework includes a research project comprising a minimum of 60 credits at NQF Exit Level 9. The research component entails writing a mini-dissertation, which comprises between 20 000 and 30 000 words, or a publishable article. It contains a justifiable argument that is based on research of a limited scope.

**Interne assessor**

'n Persoon in diens van die Universiteit van die Vrystaat wat nie by die onderrig of leiding van die meesters- of doktorale kandidaat betrokke was nie, en aangestel word om die verhandeling (miniverhandeling) of proefskrif wat deur die student voorgelê word, te kontroleer. Die interne assessor mag op geen manier 'n familielid, 'n navorsingsvennoot of sakegenoot van die studieleier en/of medestudieleier wees nie.

**Internasionale student**

'n Persoon wat nie 'n Suid-Afrikaanse burger is nie en nie 'n permanente verblyfpermit het nie.

**Meestersgraad en Meestersgraad (Professioneel)**

'n Meestersgraad is 'n nagraadse kwalifikasie wat op NKR-vlak 9 aangebied word en bestaan uit 180 krediete. 'n Meestersgraad stel 'n student in staat om vaardig te wees in die beginsels van teorie en navorsingsmetodologie terwyl 'n probleem in 'n bepaalde studieveld ondersoek word, in terme waarvan die student 'n beskeie bydrae maak.

Dieselfde vereistes geld vir 'n professionele meestersgraad (bv. MBA), maar daar is bykomende klem op navorsing en die oplossing van die professionele probleme wat in die opleiding en navorsingsverslae van 'n spesifieke vakgebied weerspieël word.

**Meestersgraad deur middel van kursuswerk**

'n Meestersgraad deur middel van kursuswerk behels 'n navorsingsprojek wat uit 'n minimum van 60 krediete op NKR-uitreevlak 9 bestaan. Die navorsingskomponent behels die skryf van 'n mini-verhandeling, wat uit tussen 20 000 en 30 000 woorde bestaan, of 'n publiseerbare artikel. Dit bevat 'n regverdigbare argument wat op navorsing van 'n beperkte omvang gegrond is.

### **Master's degree by research**

A master's degree by research entails writing a master's research dissertation comprising between 30 000 and 50 000 words or at least two interrelated publishable articles and containing a justifiable argument that does not necessarily make an original contribution. The dissertation or article(s) counts 100% of the achievement mark.

### **Publishable manuscript**

A publishable article is a manuscript that is ready for submission for publication in an academic journal or similar scholarly publication. This means that the content of the article has been supervised extensively and that the text has been edited and formatted according to the specifications of the particular publication. "Publishable" further implies that the article has not yet been circulated for the usually required double-blind peer review process that accredited academic publications subscribe to in their normal functioning. This implies that there is no guarantee that the submitted article will be accepted for publication.

### **Supervisor**

Supervisor is the person appointed by a Faculty to oversee the research development of a masters and or doctoral student based on his/her expertise and recognition in a particular field of study. Supervisors must not in any way be related to their students. Spouses, relatives and individuals involved with the postgraduate candidate in any form that could be regarded as conflict of interest cannot be appointed as supervisors.

## **2. BACKGROUND**

This document sets out the policy of the University of the Free State on master's and doctoral studies. The broad purpose of this

### **Meestersgraad deur middel van navorsing**

'n Meestersgraad deur middel van navorsing behels die skryf van 'n meestersnavorsingsverhandeling bestaande uit tussen 30 000 en 50 000 woorde of ten minste twee publiseerbare artikels met 'n onderlinge verband en wat 'n regverdigbare argument bevat wat nie noodwendig 'n oorspronklike bydrae lewer nie. Die verhandeling of artikel(s) tel 100% van die prestasiepunt.

### **Publiseerbare manuskrip**

'n Publiseerbare artikel is 'n manuskrip wat gereed is om vir publikasie aan 'n akademiese vaktydskrif of soortgelyke wetenskaplike publikasie voor te lê. Dit beteken dat die inhoud van die artikel omvattend gekontroleer is en dat die teks geredigeer en geformateer is volgens die spesifikasies van die betrokke publikasie. 'Publiseerbaar' impliseer verder dat die artikel nog nie gesirkuleer is vir die vereiste dubbelblinde portuurbeoordelingsproses wat deur geakkrediteerde akademiese publikasies in hulle normale funksionering onderskryf word nie. Dit beteken dat daar geen waarborg is dat die artikel wat voorgelê is, vir publikasie aanvaar sal word nie.

### **Studieleier**

Studieleier is die persoon wat deur 'n fakulteit aangestel is om oor die navorsingsontwikkeling van 'n meesters- en/of doktorale student toesig te hou, gegrond op sy/haar kundigheid in 'n bepaalde studieveld. Studieleiers moet onder geen omstandighede verwant wees aan hulle studente nie. Gades, familieleden en individue wat in enige vorm by die kandidaat betrokke is wat as botsende belange beskou kan word, kan nie as studieleiers aangestel word nie.

## **2. AGTERGROND**

Hierdie dokument sit die beleid van die Universiteit van die Vrystaat oor meesters- en doktorale studies uiteen. Die algemene doel van

policy is to establish a common set of standards for masters and doctoral degrees across all faculties of the university. It outlines general expectations for all UFS masters and doctoral degrees, including master's degrees by coursework. The policy takes as points of departure the vision, mission, and values of the UFS. This policy is subject to changing national policies and laws affecting postgraduate studies.

### **3. GUIDING PRINCIPLES OF THE POLICY**

These guidelines should be read in the context of the needs, structures, and practices of individual faculties, which may develop their own implementation procedures and can include professional body requirements. However, the benchmarks outlined should not be relaxed, though they may be tightened by discipline and faculty-specific regulations.

### **4. POLICY ON MASTERS AND DOCTORAL DEGREES**

#### **4.1 Admissions**

All admissions to postgraduate study programmes are subject to the general institutional rules of the UFS. Students who wish to register at the UFS for the first time for the master's or doctoral degree, as well as students who interrupted their studies for at least one year, must apply for admission in the prescribed way and before the closing date determined by the university each year. No student can be registered for a postgraduate degree without submitting a formal application and receiving a formal letter of acceptance. All students must register annually and pay the annual prescribed fees. No retrospective registration will be considered by the university. Students must also adhere to additional discipline-specific requirements of faculties and academic departments.

hierdie beleid is om 'n gemeenskaplike stel standarde vir meesters- en doktorsgrade oor alle fakulteite van die universiteit heen te vestig. Dit sit algemene verwagtinge vir alle UV-meesters- en doktorsgrade uiteen, waaronder meestersgrade deur middel van kursuswerk. Die beleid gebruik die visie, missie en waardes van die UV as uitgangspunt. Hierdie beleid is onderhewig aan veranderende nasionale beleid en wette wat op nagraadse studie betrekking het.

### **3. RIGLYNE VAN DIE BELEID**

Hierdie riglyne moet gelees word in die konteks van die behoeftes, strukture en praktyke van individuele fakulteite, wat hulle eie prosedures vir inwerkingstelling kan ontwikkel en bepalings deur professionele liggame kan insluit. Die gestelde standarde moet egter nie verslap word nie, maar kan eerder deur middel van vak- en fakulteitspesifieke regulasies verskerp word.

### **4. BELEID OOR MEESTERS- EN DOKTORSGRADE**

#### **4.1 Toelatings**

Alle toelatings tot nagraadse studieprogramme is onderhewig aan die algemene institusionele reëls van die UV. Studente wat vir die eerste keer vir 'n meesters- of doktorsgraad aan die UV wil registreer, asook studente wat hulle studies vir ten minste een jaar onderbreek het, moet op die voorgeskrewe manier en voor die sluitingsdatum wat elke jaar deur die universiteit vasgestel word, om toelating aansoek doen. Geen student kan vir 'n nagraadse graad geregistreer word sonder dat 'n formele aansoek ingedien is en sonder dat 'n formele brief van aanvaarding ontvang is nie. Alle studente moet registreer en die voorgeskrewe jaarlikse gelde betaal. Geen terugwerkende registrasie sal deur die universiteit oorweeg word nie. Studente moet ook aan bykomende vakspesifieke vereistes van

fakulteite en akademiese departemente voldoen.

#### **4.1.1. Admission requirements**

The general standard for acceptance into a master's degree is 60% in an Honours degree or equivalent qualification. The general standard for acceptance into doctoral studies is 65% in a master's degree. Departments might have specific entrance criteria based on interviews, tests, and/or the submission of an essay in which the applicant describes the focus of the envisaged study. There might be upward or downward exceptions to the admission standard in certain disciplines, but these exceptions must be approved at Faculty Board level and may not contradict the General Rules of the university.

International students must submit their certificates/degrees to the South African Qualifications Authority (SAQA) ([www.saqa.org.za](http://www.saqa.org.za)) for assessment prior to applying to the UFS. The SAQA evaluation certificate – as well as certified copies of degrees/certificates – must accompany students' applications.

#### **4.1.2. Selection process**

The selection process and criteria to be admitted in to a master's or doctoral degree will differ according to faculties and departments. Staff with experience of the research area or with experience of postgraduate research supervision should be involved in the selection process.

Selection criteria adopted by faculties and departments must ensure that students admitted to particular postgraduate programmes are adequately prepared to satisfy the demands of the degree. Equity and access considerations must be responsibly built into selection criteria and protocols.

#### **4.1.1. Toelatingsvereistes**

Die algemene standaard vir toelating tot 'n meestersgraad is 60% in 'n honneursgraad of gelykwaardige kwalifikasie. Die algemene standaard vir toelating tot doktorale studie is 65% in 'n meestersgraad. Departemente mag spesifieke toelatingskriteria hê wat op onderhoude, toetse en/of die voorlegging van 'n opstel gegrond is waarin die aansoeker die fokus van die beplande studie beskryf. Daar kan opwaartse of afwaartse uitsonderings in die toelatingstandaarde van sekere vakgebiede wees, maar hierdie uitsonderings moet op fakulteitsraadvlak goedgekeur word en mag nie in stryd wees met die algemene reëls van die universiteit nie.

Internasionale studente moet hulle sertifikate/grade vir assessering aan die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid (SAKO) ([www.saka.org.za](http://www.saka.org.za)) voorlê voordat hulle by die UV aansoek doen. Die SAKO-evaluasiesertifikaat – asook gesertifiseerde afskrifte van grade/sertifikate – moet studente se aansoeke vergesel.

#### **4.1.2. Keuringsproses**

Die keuringsproses en kriteria vir toelating tot 'n meesters- of doktorsgraad sal wissel na gelang van fakulteite en departemente. Personeel met ervaring van die navorsingsgebied of met ervaring van nagraadse navorsingstudieleiding moet by die keuringsproses betrokke wees.

Keuringskriteria wat deur fakulteite en departemente aanvaar word, moet verseker dat studente wat tot bepaalde nagraadse programme toegelaat word, voldoende voorbereid is om aan die eise van die graad te voldoen. Gelykheids- en toegangsoorwegings moet verantwoordelik in keuringskriteria en protokol ingebou word.

#### **4.1.3. Interdisciplinary degrees**

The UFS allows and encourages interdisciplinary approaches to the study of complex human, social, and scientific problems. This policy makes provision for the registration of students in more than one department and/or faculty/school.

In such a case, students must report to the dean of the faculty in which his/her last qualification was conferred. The Executive Committee of the Senate, on recommendation of the dean, will decide which other faculty/faculties has/have an interest in the study, and will request the joint appointments of supervisors/promoters from the relevant faculties and departments.

The qualification that will be conferred will be interdisciplinary and the names of the disciplines involved will appear on the degree certificate.

#### **4.1.4. Joint degrees**

As per the university's policy regarding joint degrees, the university allows for a split-degree arrangement, in which students take at least 50% or more of their coursework or supervision at the UFS and the remaining coursework and/or supervision at an accredited university outside South Africa with which the UFS has a formal agreement. Students are required to satisfy the admission requirements at both the UFS and the partner institution.

#### **4.1.5. Registration of dissertation/thesis subject**

After registration, students are required to register the title of the dissertation/thesis by completing the prescribed process. On recommendation by the supervisor(s) and head of department or programme director concerned, the title of the dissertation/thesis will be approved and registered by the faculty board. Within the specific needs of each faculty, the title registration to be preceded by a rigorous

#### **4.1.3. Interdissiplinêre grade**

Die UV maak voorsiening vir en moedig interdissiplinêre benaderings tot die studie van komplekse menslike, sosiale en wetenskaplike probleme aan. Hierdie beleid maak voorsiening dat studente in meer as een departement en/of fakulteit/skool geregistreer kan word.

In so 'n geval moet 'n student by die dekaan van die fakulteit waar sy/haar laaste kwalifikasie toegeken is, aanmeld. Die Uitvoerende Komitee van die Senaat sal op aanbeveling van die dekaan besluit watter ander fakulteit/fakulteite belang by die studie het, en sal die gesamentlike aanstelling van studieleiers/promotors uit die betrokke fakulteite en departemente versoek.

Die kwalifikasie wat toegeken word, sal interdissiplinêr wees en die name van die betrokke vakgebiede sal op die graadsertifikaat verskyn.

#### **4.1.4. Gesamentlike grade**

Volgens die universiteit se beleid oor gesamentlike grade maak die universiteit voorsiening vir 'n gedeelde graadreeëling waarin studente ten minste 50% of meer van hulle kursuswerk en/of studieleiding by 'n geakkrediteerde universiteit, waarmee die UV 'n formele ooreenkoms het, buite Suid-Afrika doen. Daar word van studente verwag om aan die toelatingsvereistes van sowel die UV as die vennootinstelling te voldoen.

#### **4.1.5. Registrasie van 'n verhandeling/proefskrif-onderwerp**

Na afloop van registrasie word daar van studente verwag om die titel van die verhandeling/proefskrif te registreer deur die voorgeskrewe proses te voltooi. Die titel van die verhandeling/proefskrif sal op aanbeveling van die betrokke studieleier(s) en departementshoof of programdirekteur deur die fakulteitsraad goedgekeur en geregistreer word. Die registrasie van die titel sal binne die

proposal formulation and assessment of the candidate's potential to complete his/her studies.

## **4.2. Period of study**

### **4.2.1. Full-time and part-time students**

For full-time students, the minimum period of enrolment is usually one year for a master's degree, and usually two years for a doctoral degree. Students are generally expected to complete their studies within three years for a master's degree and within four years for a doctoral degree.

For part-time students, the minimum period of enrolment is usually two years for a master's degree, and usually four years for a doctoral degree. Part-time students are generally expected to complete their studies within four years for a master's degree and within six years for a doctoral degree.

### **4.2.2. Extensions to study**

The periods allowed under the regulations are sufficient in most circumstances for students to complete their research. There are, however, instances when students may apply for an extension or leave of absence.

Students who are within their prescribed period of study may obtain a leave of absence in the case of serious illness, personal/professional reasons, or extraordinary job requirements. A student who applies for a leave of absence must be unable to work on the dissertation/thesis for a significant period. The leave of absence is usually limited to a maximum of one year. The student must inform the supervisor/promoter and head of department/programme director in writing of his/her intention, and must receive written confirmation of leave of absence by the faculty.

spesifieke behoeftes van elke fakulteit, deur 'n streng voorstel-formulering en beoordeling van die kandidaat se potensiaal om sy/haar studies te voltooi, voorafgegaan word.

## **4.2. Studietydperk**

### **4.2.1. Voltydse en deeltydse studente**

Vir voltydse studente is die minimum tydperk van inskrywing gewoonlik een jaar vir 'n meestersgraad en gewoonlik twee jaar vir 'n doktorsgraad. Daar word gewoonlik van studente verwag om hulle studies vir 'n meestersgraad binne drie jaar te voltooi en vir 'n doktorsgraad binne vier jaar.

Vir deeltydse studente is die minimum tydperk van inskrywing gewoonlik twee jaar vir 'n meestersgraad en gewoonlik vier jaar vir 'n doktorsgraad. Daar word gewoonlik van deeltydse studente verwag om hulle studies vir 'n meestersgraad binne vier jaar te voltooi en vir 'n doktorsgraad binne ses jaar.

### **4.2.2. Verlenging van studie**

Die tydperke wat volgens die regulasies toegelaat word, is in die meeste gevalle vir studente voldoende om hulle navorsing te voltooi. Daar is egter gevalle waar studente om uitstel of afwesigheidsverlof kan aansoek doen.

Studente wat binne hulle voorgeskrewe studietydperk is, kan verlof kry om in die geval van ernstige siekte, persoonlike/professionele redes, of buitengewone werksvereistes afwesig te wees. 'n Student wat om afwesigheidsverlof aansoek doen, moet vir 'n beduidende tydperk nie in staat wees om aan die verhandeling/proefskrif te werk nie. Die afwesigheidsverlof is gewoonlik tot 'n maksimum van een jaar beperk. Die student moet die studieleier/promotor en departementshoof/programdirekteur skriftelik van sy/haar voorneme verwittig en moet skriftelike bevestiging omtrent afwesigheidsverlof van die fakulteit ontvang.

Extensions are applicable after completing the prescribed period of study where dissertation/thesis completion has been delayed due to unforeseen difficulties. Extensions will only be granted in exceptional circumstances, and require the approval of the head of department and the dean and ratification by the Faculty Board.

A written application for extensions or leave of absence is usually made to the relevant dean by the student, but may be made by a principal supervisor or programme coordinator on behalf of a student in exceptional circumstances (for example, where a student is physically or mentally incapable of doing so).

Should the study not be completed after four years for master's students and six years for doctoral students, comprehensive reasons for further registration must be addressed to the research supervisor. The dean in collaboration with the head of the department and research supervisor can approve an extension of the study.

Failure to submit a dissertation or thesis either at the end of the regular period or the extended period (if an extension has been formally approved by the dean) will result in the registration being automatically annulled by the university.

### **4.3. Supervision**

A student's dissertation/thesis is written under the guidance of a supervisor and/or a supervisor and joint co-supervisor. Supervision of masters and doctoral students varies considerably, depending on the subject area, the background and needs of the student, and the work patterns and personalities of the student and supervisor(s).

Uitstel is van toepassing nadat die voorgeskrewe studietydperk verstryk het en waar die voltooiing van die verhandeling/proefskrif weens onvoorsiene probleme vertraag is. Uitstel sal slegs in buitengewone omstandighede toegestaan word en vereis die goedkeuring van die departementshoof en die dekaan, asook bekragtiging deur die fakulteitsraad.

'n Skriftelike aansoek om uitstel of afwesigheidsverlof word gewoonlik deur die student aan die betrokke dekaan gerig, maar kan in buitengewone omstandighede (waar 'n student byvoorbeeld fisiek of geestelik nie in staat is om dit te doen nie) deur 'n hoofstudieleier of programkoördineerder namens 'n student gedoen word

Indien die studie nie ná vier jaar vir meesterstudente en ses jaar vir doktorsale studente voltooi is nie, moet uitvoerige redes vir verdere registrasie aan die navorsingstudieleier gerig word. Uitstel vir die studie kan deur die dekaan, in oorleg met die departementshoof en navorsingstudieleier, goedgekeur word.

Versuim om aan die einde van die normale tydperk of die verlengde tydperk 'n verhandeling of proefskrif in te dien (indien uitstel formeel deur die dekaan goedgekeur is) sal daartoe lei dat die registrasie outomaties deur die universiteit nietig verklaar word.

### **4.3. Studieleiding**

'n Student se verhandeling/proefskrif word onder leiding van 'n studieleier en/of 'n studieleier en gesamentlike medestudieleier geskryf. Studieleiding van meesters- en doktorsale studente wissel aansienlik, afhangend van die vakgebied, die agtergrond en behoeftes van die student, asook die werkpatrone en persoonlikhede van die student en studieleier(s).

All postgraduate research students should benefit from high quality supervision whether they have one or more than one supervisor. Formal reporting on student progress should be provided to the Postgraduate School via the faculty relevant committee/office.

#### **4.3.1. Supervisor appointments and credentials**

Faculties must determine the selection and appointment criteria of supervisors and co-supervisors.

The main supervisor is the key point of contact with the student and, in general, between the student and the UFS. The main supervisor will generally be a member of academic staff at the department within which the student is enrolled, but, where permitted by a faculty, the main supervisor/promoter may also come from another department or institution. External supervisors/promoters and/or interdisciplinary supervision may be allowed by agreement with the dean of the relevant faculty when there is insufficient expertise in the department concerned. In this instance, it is generally expected that a co-supervisor/co-promoter from within the relevant department at the UFS be appointed to facilitate the student's activities and administrative processes within the university.

At master's level, the supervisor should preferably hold a doctoral degree. In exceptional cases where the supervisor of a masters student only holds a master's degree, the normal quality assurance processes at departmental and faculty level should ensure the quality of the research.

Provision can be made for the criteria for acceptance of a supervisor/promoter to be varied under exceptional circumstances, as may be appropriate to a particular faculty. In

Alle nagraadse navorsingstudente moet baat vind by hoëgehalte-studieleiding, hetsy hulle een of meer as een studieleier het. Formele verslagdoening oor studente se vordering moet via die betrokke fakulteitskomitee/kantoor aan die Nagraadse Skool voorsien word.

#### **4.3.1. Aanstelling en geloofwaardigheid van studieleier**

Fakulteite moet die keurings- en aanstellingskriteria vir studieleiers en medestudieleiers bepaal.

Die hoofstudieleier is die belangrikste kontakpunt met die student, asook tussen die student en die UV oor die algemeen. Die hoofstudieleier sal gewoonlik 'n lid van die akademiese personeel in die departement wees waar die student ingeskryf is, maar waar dit deur 'n fakulteit toegelaat word, kan die hoofstudieleier/promotor ook van 'n ander departement of instelling wees. Eksterne studieleiers /promotors en/of interdisiplinêre studieleiding kan by wyse van ooreenkoms met die dekaan van die betrokke fakulteit toegelaat word indien daar onvoldoende kundigheid in die betrokke departement beskikbaar is. In hierdie geval word daar gewoonlik verwag dat 'n medestudieleier/medepromotor uit die betrokke departement aan die UV aangestel word om die student se bedrywighede en administratiewe prosesse binne die universiteit te koördineer.

Op meestersvlak moet die studieleier verkieslik 'n doktorsgraad hê. In uitsonderlike gevalle waar die studieleier slegs 'n meestersgraad het, moet die normale gehalteversekeringsprosesse op departementele en fakulteitsvlak die gehalte van die navorsing verseker.

Voorsiening kan gemaak word dat die kriteria vir die aanvaarding van 'n studieleier/promotor onder buitengewone omstandighede wissel, soos dit in 'n bepaalde fakulteit van toepassing

professional fields such as Architecture, in which there are generally few PhDs, an external supervisor with a PhD must be appointed. There could also be more stringent faculty requirements – for example, the Faculty of Law requires that a judge with a master's degree and extensive experience should act as a supervisor for a PhD student.

It is recommended that supervisors have experience of supervision. In the case of inexperienced supervisors of either masters or doctoral students, co-supervision and participation in supervision mentoring and training are required as a capacity-building mechanism.

Any supervisor who may have a conflict of interest or a perceived conflict of interest (for example, due to family connection, personal relationship, or business relationship with the student) is excluded from serving as a supervisor of the student. Should such a conflict of interest arise during the course of the research, the supervisor is required to immediately declare such interest to the faculty and another supervisor must then be appointed.

#### **4.3.2. Supervisory allocation**

A student will be assigned a supervisor by the faculty (on recommendation from the department and in consultation with the student) within one month of admission to the programme. Students can make proposals to the department for a particular supervisor, but the final decision rests with the department.

#### **4.3.3. Supervisory relationship/arrangement**

The success of a student's research may depend on the degree of contact and discussion between the supervisor and student.

mag wees. In professionele vakgebiede soos Argitektuur waar daar gewoonlik min PhD's is, moet 'n eksterne studieleier met 'n PhD aangestel word. Daar moet ook strenger fakulteitsvereistes wees – die Fakulteit Regsgeleerdheid vereis byvoorbeeld dat 'n regter met 'n meestersgraad en uitgebreide ervaring as studieleier vir 'n PhD-student optree.

Daar word aanbeveel dat studieleiers ervaring van studieleiding sal hê. In die geval van onervare studieleiers vir hetsy meesters- of doktorsale studente, word medestudieleiding en deelname aan studieleidingmentorskap en -opleiding as 'n kapasiteitsboumeganisme vereis.

Enige studieleier wat botsende belange of oënskynlike botsende belange mag hê (byvoorbeeld as gevolg van familiebande, persoonlike verhouding of sakeverhouding met die student), word nie toegelaat om as studieleier vir die student te dien nie. Indien so 'n botsing van belange gedurende die loop van die navorsing ontstaan, word daar van die studieleier verwag om onmiddellik sodanige belang aan die fakulteit te verklaar en 'n ander studieleier moet dan aangestel word.

#### **4.3.2. Toekenning van studieleiding**

Die fakulteit (op aanbeveling van die departement en in oorleg met die student) sal binne 'n maand ná toelating tot die program vir die student 'n studieleier aanwys. Studente kan voorstelle vir 'n bepaalde studieleier aan die departement maak, maar die uiteindelijke besluit berus by die departement.

#### **4.3.3. Studieleiding-verhouding/reëlings**

Die sukses van 'n student se navorsing kan afhang van die mate van kontak tussen die studieleier en die student.

Students and their supervisors should establish mutually agreed means of communication and contact with one another. The frequency of meetings should be agreed in advance by the supervisor/co-supervisor and student, and will be determined by the nature and extent of the work required and the stage of development of the student's research. All faculties, however, expect both full-time and part-time students to interact with their supervisors on at least a monthly basis.

There should be a clear understanding of an agreement on the roles and responsibilities of students and supervisors. It is expected that students and supervisors adhere to a supervision agreement which must be signed by both parties as soon as a supervisor has been appointed for a masters or a doctoral candidate. The agreement is considered to be an indication of the importance of research training to – and a commitment by – all parties.

It is the student's responsibility to ensure that any barriers to the progress of his/her research or any issues of concern that would delay progress are raised with the supervisor as soon as possible.

The relationship between student and supervisor is important. If it is unsatisfactory, this can significantly and negatively impact on the educational experience. If difficulties develop in this relationship, these should be dealt with as swiftly as possible. Every effort should be made to resolve grievances through frank, informal discussion between the student and the staff member(s) concerned, before invoking formal procedures. Wherever possible, grievances should initially be addressed at Departmental level, and referred to Faculty level only if they

Studente en hulle studieleiers moet oor wedersydse metodes van kommunikasie en kontak met mekaar ooreenkom. Daar moet vooraf oor die gereeldheid van vergaderings tussen die studieleier/medestudieleier en die student ooreengekom word, wat bepaal sal word deur die aard en omvang van die werk wat gedoen moet word, asook die ontwikkelingstadium van die student se navorsing. Alle fakulteite verwag egter dat sowel voltydse as deeltydse studente ten minste op 'n maandelikse grondslag met hulle studieleiers wisselwerking het.

Daar moet 'n duidelike begrip met betrekking tot die rolle en verantwoordelikhede van studente en studieleiers wees. Daar word verwag dat studente en studieleiers aan 'n studieleiding-ooreenkoms sal voldoen wat deur albei partye onderteken moet word sodra 'n studieleier vir 'n meesters- of 'n doktorale kandidaat aangestel is. Die ooreenkoms word beskou as 'n aanduiding van die belangrikheid van navorsingsopleiding vir – en 'n verbintenis tot – alle partye.

Dit is die student se verantwoordelikheid om te verseker dat alle struikelblokke tot die vordering van sy/haar navorsing of enige belangrike kwessies wat vordering sal vertraag, so gou moontlik met die studieleier opgeneem sal word.

Die verhouding tussen die student en studieleier is belangrik. Indien dit nie bevredigend is nie, kan dit 'n wesenlike en negatiewe invloed op die opvoedkundige ervaring hê. Indien probleme in hierdie verhouding ontstaan, moet dit so spoedig moontlik hanteer word. Alles moontlik moet gedoen word om griewe deur middel van openhartige, informele gesprek tussen die student en die betrokke personeel(lede) op te los voordat daar tot formele prosedures oorgegaan word. Waar moontlik, moet griewe op departementele vlak hanteer word en slegs

cannot be resolved. Appeal to the Deputy Vice-Chancellor (Academic) should be regarded as a last resort, when a student/staff member feels that resolution has not been achieved by all of the preceding processes.

The Head of Department or Programme Director is responsible for ensuring that mediation is offered to the supervisor and student to reach agreement and resolution. Mediation may be carried out by the Head of Department or Programme Director in collaboration with the Director of the Postgraduate School or any other suitable person who may be mutually agreed upon. In the event of an amicable resolution not being reached, the Head of Department/Programme Director can recommend that the supervisor be replaced. All such changes must be approved by the dean.

#### **4.3.4. Progress review**

It is the supervisor's responsibility to keep a record of the student's progress and to report on this progress to the department every six months. The supervisor should guide and encourage the student to work within a planned timeframe. Supervisors are required to alert a student at any stage if her/his progress is unsatisfactory, as well as to help the student identify any areas or issues affecting her/his progress and suggest ways of addressing them. Where a student's progress has been identified as unsatisfactory, the report should identify reasons for lack of progress and propose a mutually agreed-upon work plan.

If progress continues to be unsatisfactory, the matter should be discussed with the departmental team, and the student should be formally notified in writing. Should progress

na fakulteitsvlak verwys word indien dit nie opgelos kan word nie. Appèl tot die Adjunk-visekanselier (Akademies) moet as 'n laaste uitweg beskou word indien 'n student/personeellid voel dat 'n beslissing nie deur die voorafgaande prosesse bereik is nie.

Dit is die departementshoof of programdirekteur se verantwoordelikheid om te verseker dat bemiddeling aan die studieleier en student verskaf word ten einde ooreenstemming en 'n beslissing te bereik. Bemiddeling kan deur die departementshoof of programdirekteur, in samewerking met die direkteur van die Nagraadse Skool of enige ander geskikte persoon waaroor daar wedersyds ooreengekom is, hanteer word. Indien 'n vriendskaplike oplossing nie gevind kan word nie, kan die departementshoof/programdirekteur aanbeveel dat die studieleier vervang word. Alle sodanige veranderinge moet deur die dekaan goedgekeur word.

#### **4.3.4. Beoordeling van vordering**

Dit is die studieleier se verantwoordelikheid om rekord te hou van die student se vordering en om elke ses maande oor hierdie vordering aan die departement verslag te doen. Die studieleier moet die student lei en aanmoedig om binne 'n beplande tydraamwerk te werk. Studieleiers moet 'n student waarsku indien sy/haar vordering te enige tyd onbevredigend is, en moet die student help om enige areas of probleme te identifiseer wat sy/haar vordering beïnvloed, asook maniere voorstel om dit te hanteer. Waar vordering as onbevredigend geïdentifiseer is, moet die verslag redes aanvoer vir die gebrek aan vordering en 'n werksplan aanbeveel waaroor daar wedersyds ooreengekom is.

